**Titel:** **Almal Sal Weet**
**Pastoor:** **Jaco Prinsloo**
**Datum:** **22 Maart 2009**
**Tyd:** **09:00**

shofar

**Jesus se plan**

**Johannes 13:34, 35**

[34]'n Nuwe gebod gee Ek julle, dat julle mekaar moet liefhê; soos Ek julle liefgehad het, moet julle ook mekaar liefhê. [35]*Hieraan sal almal weet dat julle my dissipels is, as julle liefde onder mekaar het.*

**Gesamentlike visie**

**1 Korinthiërs 1:10**

Maar ek vermaan julle, broeders, in die Naam van onse Here Jesus Christus, om almal eenstemmig te wees, en dat daar geen skeuringe onder julle moet wees nie, maar dat julle verenig moet wees in dieselfde gesindheid en in dieselfde mening.

**Mense om te dien**

- Mense is ons kernbelang. Diens aan hulle vloei natuurlik voort uit ons passie. Leierskap gebeur wanneer ons ons daarop toespits om ander te dien en te laat gedy.

**a. Ons het ander altyd lief**
- Geduldig en vriendelik, selfs wanneer onverdiend.
- Nooit jaloers oor ander se seëninge of salwing nie.
- Nooit trots-arrogant oor deurbrake of oorwinnings in ons lewens of in ons kerk nie
- Nooit ongeskik nie
- Sal eerder luister as om onsensitief te praat

**b. Ons dring nie aan op ons eie selfsugtige weë nie**
- Ons hou altyd die groter prentjie in gedagte
- Die doel is altyd belangriker as ons funksie
- Ons raak nie geïrriteerd nie
- Ons hou nie boek van wat verkeerd teenoor ons gedoen word nie
- Ons vergewe en ons vergeet

**c. Ons gooi nie tou op rakende mense nie**
- Ons verloor nie geloof oor iemand se redding of heiligmaking nie
- Ons is altyd hoopvol
- Ons hou uit en aan deur alle omstandighede
- Ons doen dit alles deur die genadekrag van God

**1 Korinthiërs 13:4-7**

[4]Die liefde is lankmoedig en vriendelik; die liefde is nie jaloers nie; die liefde praat nie groot nie, is nie opgeblase nie, [5]handel nie onwelvoeglik nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, [6]is nie bly oor die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid. [7]Dit bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles.

**Die liefde bedek**

**1 Petrus 4:8**

Maar bo alles moet julle mekaar vurig liefhê, want die liefde sal 'n menigte sondes bedek.

**Geestelik volwasse**

**1 Korinthiërs 3:1-3**

[1]En ek, broeders, kon met julle nie spreek soos met geestelike mense nie, maar soos met vleeslike, soos met klein kinders in Christus. [2]Ek het julle met melk gevoed, nie met vaste spys nie, want julle was nog nie daartoe in staat nie, en julle is nou nog nie daartoe in staat nie, [3]omdat julle nog vleeslik is; want aangesien daar onder julle jaloersheid en twis en tweedrag is, is julle nie vleeslik nie en wandel julle nie na die mens nie?

**Neem teregwysing in ag**

**Spreuke 10:17**

'n Pad ten lewe is hy wat die tug in ag neem; maar hy wat die teregwysing verontagsaam, raak verdwaald.

**Spreuke 12:1**

Een wat die tug liefhet, het kennis lief; maar wie die teregwysing haat, is dom.

**Gevolge**

- God se toorn
- God hoor / reageer nie
- Ander ontvang nie teregwysing van jou af nie
  - saai & maai - beginsel

**Gevolge – God se toorn**

**Romeine 1:18**

[18]Want die toorn van God word van die hemel af geopenbaar oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk

**Gevolge – God hoor nie**

**Psalm 66:18**

[18]As ek ongeregtigheid bedoel het in my hart, sou die Here nie gehoor het nie.

**Gesamentlike visie**

**Genesis 11:6**

[6]En die HERE sê: Daar is hulle nou een volk en het almal een taal! En dit is net die begin van hulle onderneming: nou sal niks vir hulle meer onmoontlik wees van wat hulle van plan is om te doen nie.